# BOEKBESPREKINGS
# BOOK REVIEWS

P. SMIT en J.J. BOOYSEN. *Swart verstedeliking: proses, patroon en strategie.* Tafelberg-uitgewers vir die Instituut vir Plurale Samelewings: Pretoria, 1981. 126 pp. R30 (eksklusief). ISBN 0 624 01520.

*Swart verstedeliking* is 'n publikasie wat sonder twyfel in 'n diepgevoelde behoefte voorsien en elke denkende landsburger sal dit met vrug kan raadpleeg, veral diegene wat hulle besig hou met die identifisering van nasionale knelpunte en vooruitbeplanning om 'n ordelike toekoms te verseker.

Verstedeliking is 'n eietydse knelpunt, maar dit is geen nuwe vraagstuk nie. Sedert generaal J.C. Smuts dit in 1923 as die ontsagwekkendste maatskaplike en politieke verskynsel van sy tyd uitgesonder het, het niks gebeur wat die geldigheid van sy bewering verminder het nie. Dit is ook nie 'n probleem wat tot Suid-Afrika of tot Afrika beperk is nie, hoewel die verstedelikingstempo op hierdie kontinent tans die hoogste is.

Die feit dat slegs 38% van die Swart bevolking van Suid-Afrika in 1980 verstedelik was (teenoor 89% van die Blankes), dui daarop dat veral Swart verstedeliking 'n saak is waarmee rekening gehou sal moet word. Min gegewens is egter beskikbaar, sodat die skrywers hulle nie heeltemal op gepubliseerde inligting kon verlaat nie, maar heelwat gegewens moes inwin deur onderhoude met amptenare, gemeenskapsleiers en inwoners van Swart gebiede te voer.

Die uitgangspunt in hierdie studie was om die prosesse wat aan die wortel van die verstedeliking van die Swart bevolking lê, te identifiseer en te beskryf. By wyse van inleiding word die koms van die Swart man na die stad in historiese perspektief geplaas. Drie fases in die politiek-historiese ontwikkeling van Suid-Afrika wat op verstedeliking betrekking het, word onderskei. Die tydperk van die Boererepublieke en Britse Kolonies word gekenmerk deur die afwesigheid van 'n geïntegreerde politieke beleid ten opsigte van die Swart bevolking. In hierdie fase het die Blanke se behoefte aan Swart arbeid om die kwynende slawe-arbeid te vervang, daartoe aanleiding gegee dat maatreëls wat rasseskeiding afgedwing het, vervang is met maatreëls wat die weg gebaan het vir die ekonomiese integrasie van Blank en Swart. Die ontdekking van diamante en goud het 'n groter vraag na Swart arbeid geskep en so is die intensiteit van kontak tussen Blank en Swart verhoog.

Die periode na Uniewording word gekenmerk deur 'n passiewe beleid ten opsigte van die Swart bevolking en die owerhede se onvermoë om kennis te neem van die stootkrag van die landelike gebiede op die Swart bevolking en die trekkrag van die kerngebiede, met die gevolg dat Swart verstedeliking ongehinderd en teen 'n versnelde tempo plaasgevind het. Wette en regulasies om die proses ordelik te laat plaasvind, het dikwels nie die gewenste resultate gehad nie omdat dit nie in die praktyk toegepas is nie.

Die periode na 1948 word gekenmerk deur die Nasionale Party se duidelik uitgespelde beleid ten opsigte van Swart verstedeliking, insluitende sake soos instromingsbeheer, krotbuurtopruiming, woonbuurtskeiding, die voorsiening van dienste en behuising, en verstedeliking in Swart gebiede. Daadwerklike pogings is aangewend om die administrasie wat op die Swart bevolking betrekking het, op te knap en om beleid by veranderde omstandighede aan te pas. In die bespreking van hierdie sake, slaag die skrywers daarin om deurgaans krities objektief te bly.

In hoofstuk drie word die verstedelikingsproses in tyd-ruimtelike perspektief geplaas aan die hand van veral agt kaarte wat die verspreiding van die stedelike Swart bevolking vir die periode 1904 tot 1970 illustreer. Vergelykende statistiek toon aan dat die stedelike Swartes se getalle dié van die stedelike Blankes reeds in 1946 verbygesteek het, en dat daar tans 5 miljoen stedelike Swartes is teenoor 3 miljoen Blankes, terwyl die tempo waarteen Swartes verstedelik baie hoër is as in die geval van die Blankes.

In die volgende hoofstuk, *Ruimtelike patrone en strukture,* word die prosesse van verstedeliking herlei na die ruimtelike patrone wat dit by stedelike gebiede veroorsaak. Onvermydelik kom die aandeel wat besluitneming op sentrale- en ander owerheidsvlakke het in die skepping van ruimtelike patrone en strukture van die Swart stedelike bevolking, onder die soeklig. Sake wat aangeroer word, sluit in gebied- en woonbuurtskeiding, die tydelikheidsbeginsel ten opsigte van stedelike Swart woonbuurte en die swak dienstevoorsiening wat daarmee saamgaan, kunsmatige tuislandverstedeliking, plakkery en pendelpatrone.

In die laaste hoofstuk word aandag gegee aan 'n strategie vir verstedeliking. Sake wat uitgelig word, is onder meer die Blanke se

dualistiese denke ten opsigte van die teenwoordigheid van Swartes (politieke ideologie teen ekonomiese werklikhede) en die onvermoë van belanghebbendes om die knelpunte in die Swart verstedelikingsproses te begryp en met praktiese oplossings vorendag te kom.

Hoewel die skrywers hulle dit ten doel gestel het om die stof so aan te bied dat "'n wyer leserskring van die kompleksiteit van verstedeliking kennis kan neem", is dit steeds nie 'n populêre werk wat sonder konsentrasie gelees kan word nie. Voorts is dit soms onduidelik of die skrywers hulle vereenselwig met die uitsprake van die outoriteite wat hulle aanhaal. Vir die lekeleser sou 'n oorsigtelike inleiding by elke hoofstuk 'n waardevolle hulpmiddel kon wees om die inligting wat volg, beter te verstaan.

*Swart verstedeliking* is 'n keurige publikasie wat heelwat meer aanbied as wat met die eerste oogopslag blyk. Die magdom van inligting wat in die teks vervat is, word aangevul met die gegewens in 58 illustrasies (grafiese voorstellings en kaarte), 20 tabelle, 5 bylaes en 'n omvattende bronnelys. Die redelik volledige inhoudsopgawe en register sal dit vir die navorser maklik maak om sy weg te vind.

*A.G. OBERHOLSTER*

*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*